

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 13 Feb 2018
Page: 22

AVE: 45113.46
Circulation: 41286
Part: 1 of 1



**Die Shimlas se losskakel Nakkie Naudé gaan gisteraand oor vir 'n drie teen Wits.** Foto: CHARL DEVENISH

# Maties byt verbete vas teen Tuks

**George Germishuys**

Die sterk wind wat die Danie Craven-stadion gisteraand aan flarde gewaai het, het enige aspirasies vir sjampanjerugby in die Varsitybeker-stryd tussen Maties en Tukkies gestuit.

Die tuisspan kon die wedstryd uiteindelik met 24-16 beklink om wraak te neem vir verlede jaar se eindstryd. Tuks sal hulself egter skop vir talle verbroude kanse.

Dit was van meet af duidelik dat dit nie die eerste keer is wat Maties in die wind gespeel het nie. Hulle het teen die wind hul spel knap aangepas: die bal is in die hand gehou eerder as om te probeer skop en aangeë is verkort met hardlopers wat van dieper af gekom het.

Tuks, daarenteen, kon die wind van agter in die eerste helfte nie goed benut nie. Tinus de Beer, hul sterloskakel, kon meer vir die hoeke geskop het en sy swaar voorhoede in beter posisies geplaas het.

Met die omdraaislag het Tuks vir groot gedeeltes baie giftig gelyk, maar afronding het ontbreek. Maties se dekverdediging moes dikwels met hul vingernaels vasklou.

**Maties 24 (14): Drieë:** Johan Momsen, Strafdrie, Chris Massyn **Doelskop**: Chris Smith (2) **Strafdoel**: Smith

**Tuks 16 (16) Drieë:** Mornay Smith **Doelskop**: Tinus de Beer **Strafdoele**: De Beer (3).

* Die Shimlas het Maandag gewys hulle is 'n span om mee rekening te hou in die Varsitybeker-eeks toe hulle die span van Wits oortuigend met 44-24 geklop het, skryf **Owen Kock.**

Dit was hulle eerste tuiswedstryd en 'n omgekrapte Wits-span het dit nie vir hulle maklik gemaak nie.

Hulle het nogtans ses drieë gedruk. In die eerste helfte het Shimlas het baie geleenthede geskep, maar dit nie benut nie.

Hulle het egter in die tweede helfte selfs nog beter hardlooprugby opgedis.

Die Shimlas sal egter moet leer om die telbord aan die rol te hou, want met die puntestelsel kan enige span in 'n kwessie van minute 'n wegholoorwinning behaal deur slegs twee of drie drieë te gaan druk.

Shimlas het na rustyd soos 'n nuwe span gelyk.

Wits, sonder hulle besielende kaptein Constant Beckerling, het by tye verwoed aangeval. Die waarnemende kaptein, die slot Conor Brockschmidt het een van sy span se vier drieë gedruk. Vir die Shimlas het die losskakel Nakkie Naudé twee keer gaan druk.

**Shimlas 44 (12): Drieë:** Nakkie Naudé (2), Janco Cloete, Sango Xamlashe (7-punt-drie), Johan Kotze (7-punt-drie), Menzi Nhlabathi (7-punt-drie). **Doelskoppe**: Naudé (4).

**Wits 24 (12): Drieë:** CJ Conradie, Daniel Kasende (2), Conor Brockschmidt. **Doelskoppe**: Christian Humphries (2).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.